# *GENERALE MISSIVE*

*Nuusbrief van die Stigting VOC* ***1/22***
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is as sulks geregisteer by Stad Kaapstad, EWK en SAEHA en is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is registered with the City of Cape Town, HWC and SAHRA and is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa. **Internet:** www.kaap-voc.org. **E-pos/E-mail:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact**: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com . **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank**: Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam: 'Stigting VOC Foundation.'

*Welaen vrunden!*

## Van die Komitee






Die huidige Komitee het op 19 Februarie 2022 vir die eerste keer in twee jaar voltallig om 'n tafel vergader, maar sonder ons korresponderende lid Piet Westra. Hopelik sal Covid ons nou met rus laat, en kan ons weer soos voorheen kwartaalliks lesings aanbied en ook uitstappies

onderneem. Besonderhede van lesings en uitstappies sal altyd per *Roeper* bekend gemaak word.

Ons Algemene Jaarvergadering het op 26 Maart 2022 plaas gevind. Soos deur die grondwet vereis is 'n amptelike kennisgewing van die vergadering met die sakelys 'n maand tevore aan lede gestuur en om tyd te spaar is die notule van die vorige AJV en die finansiële verslag vir 2021 saam gestuur, vir ons lede se ondersoek en oorweging. Die AJV is goed bygewoon deur ou vriende so wel as entoesiastiese nuwes van so ver as Paarl en Stellenbosch, maar lede van so ver as Johannesburg het die vergadering op die JiTSI lyn gevolg. Ons gasspreker was Dr Kate Ekama van die Universiteit Stellenbosch, met die onderwerp *The DEIC and the GWC at odds*,' oor territoriale geskille tussen die twee Nederlandse handelsmaatskappye, waar op 'n entoesiastiese bespreking gevolg het. Die volgende lede is op die Komitee vir 2022 gekies: Alex Giardini (voorsitter), Roedolf Rode (sekretaris), Jaco du Plessis (elektronika), Dan Sleigh (*Generale Missive*). Ons moes afskeid neem van ons hoogsbekwame lede Calla Wessel, Karin Jennings en Piet Westra, wat nie herkiesbaar was nie. Die Voorsitter het hulle vir hul getroue diens bedank. Ons Stigting benodig nou dringend ten minste drie nuwe bestuurslede, en ons hoop dat daar weer soos in die verlede entoesiaste vorentoe sal kom en hul dienste aanbied. Ons benodig 'n nuwe **tesourier,** 'n lid met **regskennis** is baie nodig om ons te adviseer, en ook lede uit die **akademie** en **onderwys** wat met die taak van VOC-opvoeding kan help.

Ons **finansiële staat** het vir die eerste keer 'n verlies getoon, eerstens oor uitgawes aan bewaringsprojekte, maar ook omdat lede nie hul ledegeld betaal nie. Die toestand sal ons bewaringswerk eers vertraag maar mettertyd tot stilstand bring.

Die Komitee se brief aan Tafelberg Uitgewers van Februarie 2021, met 'n gemotiveerde versoek dat mnr. P. Mellet se boek *The lie of 1652* van 'nie-fiksie' na 'fiksie' herklassifiseer word, was na 'n jaar steeds onbeantwoord. Die komitee beskou dit as 'n doelbewuste reaksie van die uitgewer se kant en het besluit om die brief in openbare belang op ons webblad te plaas. Die Wes-Kaapse provinsiale biblioteekdiens het die betrokke boek as 'nie-fiksie' op hul rakke geplaas. Ons komitee het daarteen beswaar gemaak. (Lees ook die berig 'Pseudo-geskiedenis' hieronder.) Bron: *Kaapse Bibliotekaris*. Deel 65, no. 6, bl.39.

Inligting is van Camer Antwerpen ontvang dat die 350-jarige herdenking van die Rampjaar (1672) vanjaar in Nederland sal plaasvind. Ons sal sekerlik daarvan hoor, en hopelik iets te lees en te sien kry. Ook Fernao de Magalhaes se eerste omseiling van die aarde (wat bewys het dat die planeet rond is) 500 jaar gelede word herdenk. Hier op ons eie drempel het 375 jaar gelede, op 25 Maart 1647 die VOC-retoerskip *Nieuw Haerlem* gestrand, waarop die stigting van 'n maritieme aanvullingsdiens in Tafelbaai gevolg het, wat sou ontwikkel tot die stad Kaapstad en alles, positief en negatief, wat daaruit gespruit het. *Nieuw Haerlem* was die eerste koloniale saad in die Suider-afrikaanse grond.

Camer Haagsche Besoygne het uit Den Haag laat weet dat ons vriend van baie jare, Charley Arps oorlede is. Charley is op Bandung gebore, was jare lank op die bestuur van Camer Die Haghe, en later op die van Camer Haagsche Besoygne. Ons het hom drie jaar gelede in Den Haag laas gesien, by die jaarlikse herdenking van 'Bataviedag'(30 Mei, wanneer die stigting van Batavia, die VOC se oosterse hoofkwartier feestelik herdenk word). Sy sterwe is 'n verlies vir die internasionale VOC-familie.

On behalf of the VOC Foundation's committee I would like to congratulate Dr Sleigh on the publication of his new book *Retoervloot* (Tafelberg Publishers), which is now available in bookshops and online. *Retoervloot* is an illustrated history of the DEIC's grand return fleet system, and is the first single book on this important and interesting topic. It also contains details about the origin of the small pox epidemic that ravaged the Cape in 1713. - Karen Jennings.

**Voorsitter se Jaarverslag, 2021**

Die Stigting VOC het in 2021 weer 'n besonder suksesvolle jaar beleef. Die Covid-regulasies is

tot so ’n mate verslap dat ons weer fisies kon vergader. Voorbereidings vir die 26ste Algemene Jaarvergadering is vroeg getref; die Finansieële State en Notule van die vorige AJV is vir ondersoek aan lede gestuur. Die AJV is op Saterdag, 10 April 2021 by SASNEV gehou. 17 lede was teenwoordig en met behulp van JITSI kon ander lede ook die vergadering bywoon. Twee nuwe komiteelede naamlik Dr Karen Jennings en Mnr Alex Giardini is by die geleentheid tot die komitee gekies. Die volledige komitee vir 2021 het bestaan uit Prof. Leon Hattingh, (Voorsitter), mnr Rudolf Rode (Sekretaris), mnr Calla Wessel (Finansies), Dr Dan Sleigh (Nuusbrief) mnr Jaco du Plessis (elektronika) Dr Karen Jennings (oorsese korrespondensie), mnr Alex Giardini (media) en mnr Piet Westra (korresponderende lid).

Daar is besluit om nie vanjaar die ledegeld te verhoog nie. Daar was in 2021 geen uitstappies of lesings nie; dit sal hopelik in 2022 hervat word. Ons was in gereelde kontak met VOC Kamer Antwerpen, maar het kontak met Camer die Haghe verloor. Vier nuusbriewe getitel *Generale Missive* is geplubliseer en onder ons lede versprei. Ons was gelukkig om gereelde bydraes van Prof. G. Groenewald, Dr M. Barter en Dr K. Jennings daarin te plaas. Kennisgewings is soos gewoonlik per *Roeper* bekend gemaak. Komiteevergaderings is kwartaalliks gehou, bywoning daarvan was beide fisies en elektronies.

Van ons aktiwiteite gedurende 2021 sluit die volgende in:

*Ons het die bewaringsargitek Dr N. Baumann geadviseer oor siglyne tussen die VOC-battery Kyk-in- de- pot (nou Fort Wynyard) en Robbeneiland, ten opsigte van ’n woonstelblok waaraan hy werk. Ons het hom ook in kennis gestel van foutiewe inligtingsborde by die Amsterdam Battery en aangebied om hom van korrekte inligting te voorsien. Daarvoor het hy ons hartlik bedank.

*Genealogiese inligting is op navraag verskaf teen opsigte van die VOC-voorvaders Calitz en Van Huyssteen.

*Inligting oor die VOC-bakensteen op Geelbeksfontein is verskaf aan Erfenis Wes-Kaap. (Ontvangs erken 25/1/2022.)

*Aan die Kaapse Stadsraad (Erfenis-afdeling) is inligting voorsien vir inligtingsborde insake die buiteposte Kampsbaai en De Hel.

*Komiteelid Jaco du Plessis het begin met ’n elektroniese kaart van die VOC se buiteposte.

*Komiteelid Alex Giardini het tot dusver twee podcasts opgeneem oor verskillende VOC-onderwerpe.

*Komiteelid Karen Jennings het kontak gemaak met die VOC-studiegroep in Australië. Dit sal hopelik uitgebrei word.

* Ons Stigting het R5000 bygedra tot die hofonkoste van die groep wat beswaar maak teen Amazon se ontwikkelings tussen die Liesbeek en Swartriviere, wat ’n verklaarde erfenisterrein is. Dit is in die omgewing waar die Vryburgers in 1657 grond gegee is, en waar die buitepos Ruyterwacht II gestaan het. Ons kan ons nie vereenselwig met die Koina ‘geskiedenis’ wat deur die groep beswaardes in die hof voorgedra is nie. Die goeie nuus is dat die ontwikkeling onlangs gestaak is deur middel van ’n interdik wat deur die regter toegestaan is.

*Die VOC-seinkanon op Paarlberg is na ’n nuwe plek verskuif en op ’n nuwe affuit geplaas.’n Groot aantal mense het op Erfenisdag die geleentheid bygewoon. Ons Stigting het R15 000 van die borg Van Ewijk Stigting bekom vir die projek, en inligting oor die seinstelsel vir drietalige inligtingsborde verskaf.

*Ons gewone jaareindete is op 1 Desember 2021 by die Nitida restaurant gehou, waar ons ook afskeid geneem het van voorsitter Leon Hattingh, wat Bloemfontein toe verhuis het.

* Op dieselfde dag is die Afrikaanse inligtingsbord insake kanongereedskap by die Nitida Kanonstelling onthul, waarvoor ons die inligting voorsien en R6000 (van die borg Van Ewijk Stigting verkry) tot die maak van die bord geskenk het. ’n Paar kanonskote is ook afgevuur.

By die eersvolgende komiteevergadering op 4 Desember het die lede vir my, Alex Giardini as waarnemernde voorsitter voorgestel, en ek het die pos aanvaar, tot hierdie AJV, waar die vaste voorsitter gekies sal word.

Ten slotte bedank ek SASNEV vir die gebruik van hul saal en ander fasiliteite, die komiteelede vir hul harde werk en entoesiasme en al ons getroue lede, oor die land versprei, vir hul belangstelling en steun vir ons werk.

A. Giardini
Waarnemende Voorsitter
26 Maart 2022

**Wie toer saam?**

Ons wil vanjaar weer ’n paar uitstappies onderneem na plekke met VOC-skakels, maar voordat ons vaste planne kan maak moet ons vasstel hoeveel belangstelling daarvoor onder ons lede bestaan. Ons beplan eerstens ’n uitstappie na Tuan Yussuf se Kramat by Makassar (Junie, eie vervoer), dan na Kersefontein, die plaas van Martin Melck naby Hopefield, (Augustus, blomtyd, eie vervoer) en twee dae in die Kaap Agulhus-omgewing (Oktober, per bus, een nag oorslaap, saam met die Agulhas Bewaringsvereniging).

Sal ons lede wat belang stel om saam te toer, asseblief so gou as moontlik hul name aan ons Sekretaris stuur, byvoorbeeld: ‘Jan en Bettie Smit wil saam gaan na die Kramat en Agulhas.’ Of: ‘Jan Smit wil saam na Kersefontein.’

**From the Academy Twee fotos. Boek en Plaat Een**





**Plate 1 (detail): Castle of Good Hope with flag on bastion Catzenellenbogen and the jetty.**



During the 1980s, the staff of the then South African Library in Cape Town discovered a cache of 27original drawings in their collection. This was a major find, as about three-quarters of these drawings depicted the Cape’s indigenous inhabitants, the Khoikhoi. Many of the drawings show them dressed in their original attire and busying themselves with their traditional way of living, centred on keeping livestock and practising transhumance. Clearly, these drawings must have been made before the devastating smallpox epidemic of 1713, which decimated the Khoikhoi population of the southwestern Cape.

Most of the drawings are accompanied by descriptions in Dutch, providing insight into the society and culture of the Khoikhoi. An edition of these drawings, with transcription and translation of the texts, was published by the South African Library in 1993, with an introduction

and commentary by Andrew B. Smith – an archaeologist who specialized in the history of the Khoikhoi – and translations by Roy H. Pheiffer, then Professor of Afrikaans and Dutch at the University of Cape Town.

As the drawings are nowhere signed and lack any clear indication of who the artist might have been, the exact dates of when they were made remained elusive. Judging on the watermarks on some of the sheets used by the artist, Smith suggested that the sketches were drawn between 1688 and 1707. The identity of the artist, however, remained elusive. A strong candidate suggested by Smith was the draughtsman and cartographer, Victor Victors, who travelled to the Dutch East Indies in 1696-1697, and could have made the drawings while stopping at the Cape en route.

A new article, 'Who Made the 17$^{th}$-Century Drawings of the KhoeKhoe?: Some New Data' (*Bulletin of the National Library of South Africa* 75, 2, December 2021), by the Dutch literary and art historians, Marijke Barend-van Haeften and Bea Brommer, provides new evidence regarding the dating and potential origin of these drawings. According to them, the candidates suggested by Smith must be ruled out based on stylistic and graphological evidence.

Thanks to the recent discovery of two drawings of Cape Khoikhoi held in the Kupferstich-Kabinett in Dresden (where Zacharias Wagenaer's drawings are also kept), they are able to suggest new dates for the creation of the drawings published by Smith and Pheiffer. The Dresden drawings are clearly based on the Cape Khoi drawings. What is more, one of these sketches served as the prototype of a drawing made by the artist, Johannes Vingboons (1616/7-1670), for the Italian magnate, Cosimo de Medici, in 1668. When the latter visited Amsterdam in 1667, he ordered copies of a set of maps that were kept by the VOC. Vingboons was commissioned to draw the copies and, as such, it is likely that the Khoi sketches from the Cape were among these maps. It thus seems likely that these drawings came to Amsterdam from the Cape in the mid to late 1660s, much earlier than the dates previously suggested by Smith.

In the last part of their article, Barend-van Haeften and Brommer arguesthat a more likely candidate for drawing the Cape Khoi sketches could be the *chirurgijn*, Wouter Schouten (1638-1704). He travelled to the East in the employ of the VOC in 1658 and returned to the Dutch Republic in 1665. His book, *Oost-Indische Voyagie*, in which he describes his travels, was published in 1676 and contains some interesting remarks about the early Cape. Recently the authors of this article, along with some others, attributed a set of ethnographic drawings of Asian subjects to Schouten. Barend-van Haeften and Hetty Plenkenpol also published, for the first time ever, the poems that Schouten wrote during his travels in the VOC empire. As such, the authors are well familiar with Schouten's artistic style, handwriting and idiolect. Based on this, they tentatively suggest that Wouter Schouten must have made these drawings at the Cape in the mid-1660s.

While circumstantial evidence makes this plausible, the issue remains of how to reconcile these new data with the evidence from the watermarks. At least two of the watermarks provide a *terminus post quem* of 1690 and 1691. While Barend-van Haeften and Brommer promise to address this issue in a future publication, there is another piece of internal evidence they ignore. The first plate in the Smith and Pheiffer edition depicts a view of Table Mountain and the small settlement in the valley from Table Bay. It clearly shows the Castle of Good Hope and 'een Hoofdt daar de kleyne schepen tegen aan leggen.' Building work on the Castle only started in 1666 and reached the state of construction as shown in the sketch by mid-1680s, while construction on the pier was likewise started by that time (my thanks to Dr Sleigh for this information). Thus, unless this sketch is some kind of interloper in the collection, drawn by a



different artist at a later date, it would seem to invalidate Barend-van Haeften and Brommer's case. – Prof. G Groenwald.
*Interested readers can request a copy of the article from* ggroenewald@uj.ac.za

**Kamer Antwerpen kom kuier**
In 2008 het omtrent 30 lede van VOC Camer die Haghe uit Den Haag die land besoek. Ons Stigting en hulle het toe verskeie aktiwiteite saam onderneem (soos 'n dinee in die groot saal van die Kasteel) en vriendskappe is gesmee wat vandag nog voort duur. Ons susterskamer, VOC-kamer Antwerpen is van voorneme om aanstaande jaar in April die Kaap te besoek op soek na spore van die VOC, cn om natuurlik ook die landskap en wildlewe te sien. Drie van ons komiteelede, Alex Giardini, ek en Rudolf Rode het die here Remy Appermont en Jan Roebben by SASNEV ontmoet om 'n moontlike toerprogram met hulle te bespreek. Ons hoop om weer met hulle te skakel en aanstaande jaar hul toergroep op sosiale vlak te ontmoet.


Foto: Gys Dubbeld

**Die Rampjaar herdenk**
1672 staan in die Nederlandse geskiedenis as '*de Rampjaar*' bekend. Die Derde Seeoorlog het op 7 April 1672 begin toe Nederland op see en land gelyktydig deur Frankryk, Engeland en die Munsterse en Keulense biskopdomme aangeval is. Groot dele van Oostelike Nederland is deur die invallers beset. In Utrecht se domkerk is reeds katolieke dienste gehou. Na die Franse suksesse het Oranje-ondersteuners die anti-Oranjegesinde raadspensionaris Johan de Witt en sy broer Cornelis in Den Haag uit die tronk gesleep en aan stukke geskeur. Die sentrale strook van die land is van die Noorde tot die Suide onder water gesit (die 'Waterlinie'.) Hier by ons het die berig van die oorlog groot ontsteltenis veroorsaak. Die uitvarende skip *Saxenburg* het die berig op 31 Julie 1672 gebring. 'n Aanval op Kaapse diensstasie of op die retoervloot ter see deur 'n Franse of 'n Frans-Britse vloot is verwag. As voorsorg is St Helena-eiland deur 'n afdeling uit die Kaapse garnisoen aangeval en oormeester. Uitkykposte met pale vir vlagseine is op Leeukop en op die Valsbaaise kus gestig, en 'n alarmstelsel met seinkanonne is ontwerp om die burgernag uit die binneland te ontbied, dat hulle gewapen en te perd by hul vaandels moet aansluit. Die vrouens en kinders, met al die vee uit die Kaapse skiereiland moes na Hottentots-Holland uitwyk. Teen alle verwagting het die jong prins Willem III die Franse op land en admiraal De Ruyter die Britse vloot op see verslaan. Die Nederlandse regering beplan om die geweldadige gebeure ná 350 jaar te herdenk. [SA Muller: Die seinstelsel aan die Kaap, 1652-1795. Ongepubliseerde MA, Universiteit Stellenbosch, 1992.]

**Collector’s corner :**

**1720 - Transfer of a portion of the farm Elsenburg. (**A summary of the four page document; the front and back pages are illustrated here.)

The copy is sworn on a stamp
of 2 ps. HS

Embossed revenue 48 stuivers (signed A.v. Kervel)

‘This is the transfer of the lower part of the farm Elsenburg in the Stellenbosch district, (which was granted to the former heemraad Arnoldus Cruijsman by title deed on the 23rd June 1701), to the former heemraad Daniel Pfeijl on the 8th September 1719. According to the diagram drawn by the surveyor (which does not appear on this document) the lower part of the farm measured ninety-two morgen and two hundred and fifty roods. Cruijsman sold this to Pfeijl for ten thousand two hundred guilders Indian valuation, the sale including some furniture, slaves, livestock and building tools, the land for four thousand guilders and the remaining six thousand two hundred and twenty guilders for the rest. This was paid in full.

Signed by the assistant Fredrik Christoffel Lappenbergh with special procuration from the First sworn clerk Wilhelm van Taak, on behalf of Arnoldus Cruijsman.

F:k C:l Lappenbergh q:q:

Before me H:k Swellengrebel
First sworn clerk

As Commissioners
A: v: Kervel

N : Heijning
[written sideways: 1720  Cruijsman aan Pfijl]

-Dr M. Barter

**Aantekeninge:**
Die klerk FC Lappenberg se handskrif is besonder netjies, wat die dokument maklik maak om te lees; geen 'ontsyfering' is nodig nie. Die koper van die eiendom en oud-heemraad 'Arij Cruijsman' was die Duitser Arnoldus Kreutzman van Mörs wat vóór 1699 as soldaat aangekom het. Willem van Taak, eerste geswore klerk, is bevorder tot onderkoopman, en in 1720 aangestel as Opperhoof van die nuwe buitepos Delagoabaai (nou Maputo). Hy was getroud met Emma, die dogter van Pieter van der Byl van Babylonstoren; hulle het drie kinders gehad. Van Taak is kort na sy aankoms in Delagoabaai aan malaria dood. Die klerke Adriaan van Kervel (1737-1737) en Hendrik Swellengrebel (1739-1751) het albei later goewerneurs van die Kaap geword.

Hoewel die dokument gaan om die onderste deel van die 'plaats ofte hofsteede genaamt Elsenburgh'(*sic*) is dié grond reeds jare tevore van Elsenburg afgesny en sou dit in 1720 al sy eie naam en opstal gehad het. Die plaas Elsenburg het 'n vreemde oorsprong. Dit was die westelike gedeelte van die buitepos De Clapmuts (gestig 1683), wat op 1 Junie 1706 met die medewete van goewerneur WA van der Stel deur sy sekunde Samuel Elsevier van die pui in die Kasteel opgeveil is. Daar was net een bod, deur Elsevier self. Here XVII het Elsevier saam met Van der Stel in 1707 uit die land verban, maar hom toegelaat om die plaas te behou. In sy afwesigheid het Isaac Lamotius, die afgesette en gegeselde opperhoof van buitepos Mauritius die plaas bestuur, jaarliks die opbrengs na Elsevier in Nederland oorgeplaas, en in 1718 ook die verkoopsom, toe die plaas verkoop is; Lamotius het self daardie jaar met die retoervloot gerepatrieer. Elsenburg was 'n gesogte plaas, en teen 175O was die eienaar JP Giebeler, voormalige poshouer van die buitepos De Schuer. In 1752 het die burger Martin Melck met Giebeler se weduwee getrou, waarmee die plaas sy tyd van bekendheid of roem gekry het. Op Elsenburg is nou 'n fasiliteit vir landboukundige opleiding van die Wes-Kaapse provinsiale regering.

<u>Bronne</u>:
J.Hoge:*Personalia of the Germans at the Cape, 1651-1806*.p.220
D. Sleigh: *Die Buiteposte*, pp.202-203.

**VOC-duite uit die Namib**





**Foto's: Inus van Zyl (wit agtergrond.)  Jean Sleigh (blou agtergrond.)**

Die duit was die muntstuk met die minste waarde in die Nederlandse geldstelsel; daar was agt duite in 'n stuiwer. Die naam is moontlik van die Frans vir die syfer agt, *d'huit* afgelei. Die Kompanjie het van 1726 tot 1792 tienduisende duite gemunt, met die VOC-stempel en kenteken

van die kamer waaraan dit verskaf is, aan weerskante. Op die wrak van die skip *Bredenhof* wat in 1753 in die Mosambiek Kanaal gestrand het, is vaatjies met duisende duite ontdek, almal van Kamer Zeeland en almal met die datum 1752.

Op die strand by Meobbaai in die Naukluft reservaat wes van Mariental, of 180 km suid van Walvisbaai, word al jare lank erg verweerde VOC-duite in die seesand gevind. Die 'golwe' of riffelende water wat op Kamer Zeeland se stempel verskyn, is nog sigbaar. Van hulle word hier afgebeeld (op wit agtergrond). Die marine argeoloog Dr Bruno Werz het hier 900 duite versamel, almal met die datum 1746. Sy afleiding was dat dit moontlik afkomstig is van die uitvarende VOC-skip *Vlissingen.* Die skip, een van nege wat die naam gedra het, van 650 ton is in 1732 in Middelburg gebou vir die kamer Zeeland. Die skipper was Adriaan Kakelaar en *Vlissingen* het al vier volle retoere onder die kiel gehad toe hy weer op 9 Januarie 1747 uit Rammekens vertrek. Erens tussen Rammekens en die Kaap het hy op see verdwyn.

Provinsie Zeeland se eeue-oue kenteken (terloops, die Hoërskool Simonstad gebruik dit as skoolwapen) versinnebeeld 'krag uit die see.' Heraldies beskryf is dit, bo: 'n klimmende halfleeu in rooi op goud, onder kronkelende blou en wit bane. Interessant: Die heraldiese taal is, sedert die Middeleeue Frans, hoewel plaaslik veral skoolwapens Latynse 'leuses' voer volgens Engelse voorbeeld. Dus: *en chef demi-lion rampant gules sur or; en bas barrulets azure sur argent.*

<u>Bronne:</u>

W.D.F.Malherbe: Munte in omloop aan die Kaap. In J. Visagie, C de Wet en L. Hattingh (reds.): *Die VOC in Suider-Afrika, 1652-1795.* (Dank aan Dr HM Scheffler vir hulp hiermee.)

B. Werz: *Journal of Namibian Studies, 2008.*

J. Bruijn, F. Gaastra en I. Schöffer (eds.): *Dutch Asiatic Shipping II,* 3389.5

**Hendrik Brouwer op die brandstapel**

VOC goewerneur-generaal Hendrik Brouwer (1581/2 – 1643) se lewensloop was totaal ongewoon. Hy is beroemd as die ontdekker van die Brouwer Roete wat die seiltyd van uitvarende VOC-retoerskepe van tien maande tot ongeveer ses verminder het; die positiewe gevolge vir die handel was miljoene werd en die Kompanjie het Brouwer daarvoor goed beloon.

Brouwer se eerste reis Batavia toe was in 1606; sy opgang was vinnig en hy is aangestel as hoof van die handelspos in Hirado, Japan. Op 'n volgende heenreis Batavia toe in 1611 het hy nie die gewone 'Portugese' roete langs die ooskus van Afrika op gevolg nie, maar die strome en winde suid van die Kaap bestudeer; deur suid te seil tot ongeveer 40 $^{0}$ suid, die groot westelike dryfstroom en standhoudende westewind te benut wat hom tot naby die weskus van Australië gevoer het, en die hulp van die Wes-Australiese seestroom, het hy Batavia in rekordtyd bereik. Die Brouwer Roete is in 1616 verpligtend vir VOC-skepe gemaak, wat weer spoedig gelei het tot die ontdekking van Terra Australis / Suidland /Australië.

Met sy fortuin gemaak is Hendrik Brouwer terug Amsterdam toe. Hy was van 1616-1632 lid van Here XVII, wat hom in 1632 vir vier jaar aangestel het as goewerneur-generaal in Batavia. Dié pos het hy tot 1636 beklee. In dieselfde jaar het hy 'n bewindhebber geword van die Wes-Indiese Kompanjie (GWC), en 'n plan ontwerp om die 'erfvyand'(Spanje) in sy kolonies op die kus van Chile te benadeel deur onder andere die ryk silwermyne in die hande te kry. Vir die doel het hy in 1642 met vyf skepe uit Nederland vertrek, Chile toe. Hy wou die Auraca-inboorlinge van die streek se samewerking teen die Spanjaarde probeer kry, maar was nie suksesvol nie. Brouwer is in 1643 oorlede en is by Valdivia begrawe. Die ekspedisie het Nederland toe terug gekeer, met volop nuwe inligting oor Chile en 'n woordelys van die Auracaanse taal. Na hul vertrek het die Spanjaarde Hendrik Brouwer se graf oopgemaak en sy liggaam op 'n brandstapel gegooi. [D. Wildeman: Ontdekker op de brandstapel, in R. Daalder e.a. (reds.): *De ontdekking van de wereld,* pp.75-81. Zutphen, 2003.]

**Pseudo-geskiedenis**

Pseudo-geskiedenis is die verdraaiing van historiese gegewens vir geldelike, politieke of ander gewin; publikasie is ’n onderdeel daarvan. Ons Stigting het in 2020 en 2021 op ’n onaangename maar interessante en leersame wyse met pseudo-geskiedenis kennis gemaak, nadat ons in die openbare pers beswaar gemaak het teen die verwronge weergawe van Kaapse geskiedenis in die boek *The lie of 1652*, wat in 2020 deur Tafelberg Uitgewers gepubliseer is. (Dié betrokke materiaal is onder ‘Projekte’ op ons webblad te lees.) Kort daarna het ons met ’n tweede geval van pseudo-geskiedenis te doen gehad, toe ons by Erfenis Wes-Kaap beswaar gemaak het teen ’n motivering bestaande uit mites, verbeelding en wensdenkery, by ’n aansoek om Prinsesvlei tot provinsiale erfenis te verklaar.

’n Soortgelyke geval het in 2002 ontstaan toe die Britse skrywer G. Menzies se boek *1421:How China discovered the World* gepubliseer is (in Amerika gepubliseer as *1421: How the Chinese discovered America*. New York, Perennial, 2004). In dié boek word beweer dat Chinese skepe nie net die Kaap nie, maar die wêreld omseil het, en onder andere Amerika voor Columbus besoek het; dit is as ‘nie-fiksie’ bemark, was baie gewild, is vertaal in dosyne tale en het meer as ’n miljoen kopieë verkoop. (Die Nederlandse biblioteek by SASNEV het ’n Nederlandse eksemplaar.) Sekere plaaslike politici was destyds bly oor dié ontdekkings deur Oosterse *comrades;* openbare uitstallings is selfs gereël van die ‘historiese’ kaarte. ’n Groep internasionale akademici het vermoed dat dele daarvan uit die duim gesuig is, en het ’n webblad gestig om die versinsels en onvakkundige metodiek (wat hulle ‘*pseudo-history*’noem) aan die lig te bring. Hulle het die boek totaal gediskrediteer. ‘*The purpose of this website is to (...) ensure that history is not rewritten by publishers more interested in short-sighted marketing campaigns that ensure their financial security, rather than intellectual integrity and public enlightenment.*’ [www.1421exposed.com] Dié kort aanhaling weerspieël presies ons komitee se houding t.o.v. die geval “*The lie…*’ en Tafelberg Uitgewers. Ons sal voortgaan om pseudo-geskiedenis oor die VOC-tydperk te ontmasker. Om enige produk onder ’n vals etiket te bemark, reklame daarvoor te maak en daardeur die publiek te mislei en te bedrieg, behoort onwettig te wees.

**Nuwe (en ander wonderlike) boeke**

Ons lede word herinner aan die wonderlike ryk en interessante versameling VOC-geskiedenisse in die Nederlandse biblioteek by SASNEV in Pinelands – onder meer die volle faksimilee stel van Valentijn se gewilde, tydgenootlike ensiklopediese *Oud ende Nieuwe Oost-Indië*. Die biblioteek se stewige versameling word gedurig aangevul met aankope van splinternuwe publikasies. Ons Stigting se lede word aangeraai om as lede van die biblioteek aan te sluit en hul kennis van die VOC te verruim.

Vorig jaar kreeg de Bibliotheek drie waardevolle boeken over de VOC. Ze waren in een slechte conditie. dus werden ze gerestaureerd en herbonden door DK Conservators voor ze aan de VOC-Collectie toegevoegd werden.

Over het eerste, *Uit de dagen der Compagnie* van N.P. van den Berg (HD Tjeenk Willink & Zoon, Haarlem, 1904, 419 bl.), schrijft Dr Dan Sleigh:

“... Dit is ’n bundel van tien opstelle … uit die Bataviase Argief versamel, en dus so goed as onbekend in Suid-Afrika. In een hoofstuk word byvoorbeeld die geskrewe geskiedenis van die vulkaan Krakatau ondersoek. Johan Vogel, ’n Duitse mynwerker by Silida in Wes-Sumatra noem in sy reisjoernaal (‘*Journal einer reise…,* Frankfurt, 1690) dat hy in Mei 1680 op weg na Batavia die eiland Krakatau nog groen en dig bebos gesien het, en toe hy ’n maand later na Sumatra terugkeer was dit kaal, swart en verbrand, na ’n geweldige uitbarsting. Ander reisigers het gou dié inligting uit Vogel oor geskryf. Maar in geen dagregister of brief uit enige van die Kompanjie se kantore in die omgewing van Krakatau is daar enige melding van ’n uitbarsting nie. Hoe betroubaar is die gewilde reisbeskrywings dan, of wys dit juis dat die VOC-argief meer betroubaar is ?



… Daar is ’n hoofstuk oor die konflik tussen die Bataviase Raad van Justisie en Kommissaris-generaal Nederburgh in 1795 (die raad het om etiese redes geweier om Nederburgh se gesag oor hulle te erken), en ’n hoofstuk oor die sosiale omwenteling in Batavia in Desember 1795, na ontvangs van nuus oor die Franse inval in Nederland, die vlug van die Stadhouer, die oprigting van die Bataafse Republiek (met die on-VOC leuse van ‘*Vryheid, Gelykheid en Broederskap*’ – dink net aan die duisende soldate, matrose en slawe in sy diens) en gelyktydig ook berig van die Britse oorname van die Kaap (dit was toe al bekend dat dit deur verraad gebeur het.) Die Ou Orde was onverwags verby.”

Over het tweede, *De Gouverneurs-Generaal en Commissarissen-Generaal van Nederlandsch-Indië 1610 – 1888* van M.A. van Rhede van der Kloot (WP van Stockum & Zoon,’s Gravenhage, 1891. 355 bl.), schrijft Dr Sleigh:

“Die hele boek is … besonder nuttig as ’n naslaanbron. Dit bevat ’n oorsig van die VOC se aktiwiteite in die Ooste tot 1795, en daarna dié van die Nederlandse Oosterse Ryk. Van elke goewerneur-generaal en kommissaris-generaal is daar ’n biografie met inligting oor sy herkoms, opvoeding, diens en bevordering, dekorasies, huwelik(-e) en nageslag, sowel as ’n lys van belangrike gebeure tydens sy regering, wat insluit die handel, seevaart, oorloë teen Portugal, Spanje, Engeland en inlandse vorste, opstande, bouwerke, aardbewings, vulkane en siekte-epidemies. Daar is ook ’n aantal besondere interessante bylaes...”

Het derde boek, *Nederlandsche Zeehelden van de zeventiende eeuw; naar het Engelsch bewerkt onder toezicht van C.H. de Goeje* van J. de Liefde: (geen datum: 6 uitgaven tussen 1887 en 1893) 283 bl., is een vertaling van de oorspronkelijk bekende Engelse text: *The great Dutch Admirals* (1873). Van belangwekkend historisch belang voor de Bibliotheekverzameling.
– Catherine Dubbeld






*Behouwde vaert / Selamat jalan / Go well*

D. Sleigh (Dr): Redakteur
Jean Sleigh: Tegnies
28 Maart 2022